Voorbeeld 3

Die volgende inligting is uit die finansiële rekords van Prima Handelaars verkry:

Op 1 September 2015 het J Pamulu R50 aan Prima Handelaars geskuld. Die volgende transaksies het gedurende September 2015 plaasgevind:

Transaksies vir September 2015:

2 Prima Handelaars verkoop voorraad op krediet aan J Pumulu (Faktuur 23), R53.

3 Prima Handelaars hef rente van 8% per jaar op J Pamulu se rekening, aangesien sy rekening drie maande agterstallig is. Bereken bedrag tot die naaste Rand.

5 Ontvang 'n tjek vir R26 van J Pamulu ter betaling van sy rekening. Kwitansie 34 is daarvoor uitgereik.

6 Verkoop voorraad op krediet aan J Pamulu, faktuur 46, R29.

16 Reik kwitansie 89 aan J Pamula uit vir R50 ontvang as gedeeltelike betaling op sy rekening.

27 Reik faktuur 121 vir R37 aan J Pamulu uit vir voorraad op krediet verkoop.

28 J Pamulu stuur beskadigde voorraad ter waarde van R5 terug. Kredietnota 27 is aan hom gestuur.

Verlang

Gebruik die inligting om die transaksies in die debiteuregrootboekrekening van J Pamula volgens die driekolommetode op te stel.

Oplossing

Prima Handelaars
Debiteuregrootboek

J Pamulu

Datum	Besonderhede	Debiet	Krediet	Saldo
Sep 1	Rekening gelewer			50
2	Faktuur 23	53		103
3	Joernaal	1		104
5	Kwitansie 34		26	78
6	Faktuur 46	29		107
16	Kwitansie 89		50	57
27	Faktuur 121	37		94
29	Kredietnota 27		5	89

Intellektuele eiendom van Like2Understand